**Plak asseblief die strepieskode-etiket hier**

**PUNTE-TOTAAL**

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
MEI 2024

# AARDRYKSKUNDE: VRAESTEL I

**EKSAMENNOMMER**

Tyd: 3 uur 200 punte

## LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR

1. Hierdie vraestel bestaan uit 44 bladsye. Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.
2. Lees die vrae noukeurig deur.
3. **AL DRIE AFDELINGS IS VERPLIGTEND.**
4. **Beantwoord AL die vrae op die vraestel en dien dit aan die einde van die eksamen in. Onthou om jou eksamennommer neer te skryf in die spasie wat voorsien word.**
5. Krediet word gegee vir:
   - interpretasie
   - verduideliking
   - bewys van persoonlike waarnemings waar dit op die vraag van toepassing is.
6. Jy word aangemoedig om sketskaarte, diagramme en ander verklarende tekeninge te gebruik om jou antwoord, waar van toepassing, te ondersteun.
7. Let op die puntetoekenning.
8. Dit is in jou eie belang om leesbaar te skryf en jou werk netjies aan te bied.
9. TWEE blanko bladsye (bladsy 43 en 44) word aan die einde van die vraestel ingesluit. Indien jy te min spasie vir 'n vraag het, gebruik hierdie bladsye. Dui die vraagnommer van jou antwoord duidelik aan indien jy hierdie ekstra spasie gebruik.

**SLEGS VIR NASIENER SE GEBRUIK**

| Vraag | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Punte | 50 | 30 | 20 | 25 | 25 | 25 | 25 | 200 |
| Behaal | | | | | | | | |

IEB Copyright © 2024


## AFDELING A GEÏNTEGREERDE VRAAG: NOORDWES PROVINSIE EN ONTGINNING VAN CHROOM

## VRAAG 1 FISIESE GEOGRAFIE

### 1.1 Subtropiese antisiklone en verwante weerstoestande

Bestudeer Figuur 1, 'n sinoptiese kaart van die Suider-Afrika streek.

**Figuur 1**




[Bron: SAWS]

Bestudeer Figuur 1 en voltooi die volgende vrae deur die korrekte antwoord vir elke vraag te kies. Merk die korrekte antwoord.

1.1.1 Figuur 1 stel wintertoestande voor omrede daar 'n … is.

| | | |
|---|---|---|
| A | laagdruk naby Angola | |
| B | hoogdruk oor die binneland | |
| C | tropiese sikloon in die Indiese Oseaan | |
| D | laagdruk oor Madagaskar | |

(1)

1.1.2 Die naam van stelsel **A,** wat veroorsaak dat daar onbewolkte toestande oor die binneland is.

| | | |
|---|---|---|
| A | Suid-Atlantiese hoogdruk | |
| B | Suid-Indiese hoogdruk | |
| C | Kalahari hoogdruk | |
| D | Benguela hoogdruk | |

(1)

IEB Copyright © 2024

1.1.3 Die laagdruk **B** naby Durban staan bekend as 'n …

| | | |
|---|---|---|
| A | tropiese sikloon | |
| B | kuslaagdruk | |
| C | laagdruktrog | |
| D | willy willy | |

(1)

1.1.4 Die laagdruk wat in Vraag 1.1.3 genoem is, veroorsaak winde wat bekend staan as …

| | | |
|---|---|---|
| A | monsoenwinde | |
| B | bergwinde | |
| C | chinook | |
| D | straalstroomwinde | |

(1)

1.1.5 Die winde wat in Vraag 1.1.4 genoem is, word … verwarm.

| | | |
|---|---|---|
| A | adiabaties | |
| B | katabaties | |
| C | volgens Boyle se wet | |
| D | deur drukgradiëntvloei | |

(1)

IEB Copyright © 2024 

## 1.2 Stadsklimaat

Bestudeer Figuur 2, wat temperatuurdata vir die gebiede in die omgewing van die dorpie Brits in die Noordwes provinsie vertoon.

**Figuur 2**

| | | Rheeders Sanddrift (Landelik) | | | Brits (Stedelik) | | | Brits Semi-stedelike omgewing | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | **Hoog** | **Laag** | **Gem.** | **Hoog** | **Laag** | **Gem.** | **Hoog** | **Laag** | **Gem.** |
| **Januarie** | **Temp. °C** | 37,1 | 14,1 | 24,8 | 37,9 | 13,2 | 25,1 | 34,5 | 13,3 | 23,5 |
| | **Doupunt °C** | 23,6 | 10,6 | 17,1 | 23,2 | 3,4 | 14,9 | 23,0 | 3,7 | 14,4 |
| | **Reënval** | 93,46 mm | | | 102,86 mm | | | 59,93 mm | | |
| | **Atmosferiese Druk (hPa)** | 1020,3 | 998,7 | -- | 1017,2 | 1004,4 | -- | 1014,6 | 1002,0 | -- |
| **Julie** | **Temp.°C** | 26,1 | 0,7 | 13,1 | 26,6 | 2,5 | 14,7 | 23,3 | 4,5 | 14,0 |
| | **Doupunt °C** | 13,4 | –1,3 | 6,6 | 13,5 | –3,2 | 5,3 | 12,0 | –3,2 | 5,1 |
| | **Reënval** | 0,25 mm | | | 0,25 mm | | | 0,00 mm | | |
| | **Atmosferiese Druk (hPa)** | 1028,5 | 1002,4 | -- | 1024,0 | 1011,2 | -- | 1021,3 | 1008,1 | -- |

[Bron: <https://wunderground.com/>]

1.2.1 Identifiseer die gebied met die … (merk die regte opsie)

(a) hoogste seisoenale temperatuurspeling.

| | |
|---|---|
| Rheeders Sanddrift (Landelik) | |
| Brits (Stedelik) | |
| Brits Semi-stedelike omgewing | |

(1)

(b) laagste gemiddelde temperatuur.

| | |
|---|---|
| Rheeders Sanddrift (Landelik) | |
| Brits (Stedelik) | |
| Brits Semi-stedelike omgewing | |

(1)

1.2.2 Verduidelik waarom die stedelike gebied van Brits 'n hoër temperatuur het.

_____

_____

_____

(2)

IEB Copyright © 2024

1.2.3 Verduidelik waarom die atmosferiese druk in hierdie gebied in Julie hoër is.

(2)

1.2.4 Ondersoek die impak van atmosferiese druk op reënval in die gebied.

(2)

1.2.5 Evalueer die verband tussen die grondgebruik en die gemiddelde temperature in Januarie en Julie in elke gebied.

(4)

IEB Copyright © 2024 

## 1.3 Valleiklimaat

Bestudeer Figuur 3, die Google Earth-beeld van 'n vallei wat noord van Brits geleë is.

**Figuur 3**




[Bron: Google Earth beeld]

1.3.1 Op watter EEN van die hellings sal jy bou, **C** of **D**? (Merk die *regte* antwoord.)

| | |
|---|---|
| C | |
| D | |

(1)

1.3.2 Verduidelik jou antwoord op Vraag 1.3.1.

_____


_____

_____

(2)

IEB Copyright © 2024

1.3.3 Teken 'n goed-benoemde diagram van 'n inversie in 'n vallei op 'n wolklose nag.




(5)

IEB Copyright © 2024 

## 1.4 Fluviale proses

Bestudeer Figuur 4, wat die verskillende maniere waarop vrag in 'n rivier vervoer word, wys.

**Figuur 4**




[Bron: Aangepas deur Eksaminator]

Bestudeer Figuur 4 en voltooi die volgende vrae deur die korrekte antwoord vir elke vraag te kies. Merk die korrekte antwoord.

1.4.1 Die area wat **D** benoem is staan bekend as die …

| | | |
|---|---|---|
| A | thalweg | |
| B | rivierbedding | |
| C | kanaal | |
| D | rivierkronkel | |

(1)

1.4.2 Die proses by **E** wat die vervoer van die rivier se vrag uitbeeld, staan bekend as …

| | | |
|---|---|---|
| A | oplossing | |
| B | suspensie | |
| C | saltasie | |
| D | traksie | |

(1)

IEB Copyright © 2024

1.4.3 Watter tipe erosie sal heel moontlik by **E** voorkom?

| | | |
|---|---|---|
| A | Hidroliese aksie | |
| B | Abrasie | |
| C | Korrosie | |
| D | Attrisie | |

(1)

1.4.4 Die proses wat die vervoer van die vrag by **F** uitbeeld, staan bekend as …

| | | |
|---|---|---|
| A | oplossing | |
| B | suspensie | |
| C | saltasie | |
| D | traksie | |

(1)

1.4.5 Die vloeispoed by **G** word gemeet in ...

| | | |
|---|---|---|
| A | km/h | |
| B | kumeks | |
| C | liters | |
| D | meter per sekonde | |


(1)

IEB Copyright © 2024

## 1.5 Dreineerstelsels in Suid-Afrika

Bestudeer Figuur 5, 'n kaart van die Hartbeespoortdam al met die Krokodilrivier langs en die omliggende stedelike aktiwiteite.

**Figuur 5**




[Bron: Kaart deur die Eksaminator met die gebruik van QGIS]

1.5.1 Beskryf die volgende kenmerke van die Krokodilrivier suid van die Hartbeespoortdam:

Patroon

_____

_____

_____

_____

(2)

IEB Copyright © 2024

Stroomdigtheid

(2)

Stroomorde

(2)

1.5.2 Verduidelik hoe die Krokodilrivier 'n geërfde rivier geword het.

(4)

## 1.6 Bestuur van die rivier en opvangsgebied

Lees die volgende artikel oor die Hartbeespoortdam en verwys na Figuur 5 op bladsy 10 om die volgende vrae te beantwoord.

**Waterhiasinte, 'n indringerplant, neem die Hartbeespoortdam oor**



In minder as twee maande het waterhiasinte, 'n indringerplant, 'n aggressiewe terugkeer na die besoedelde Hartbeespoortdam gemaak, met die dekking wat van 5% na omtrent 50% versprei het.

Die Universiteit van Rhodes se Sentrum vir Biologiese Beheer (CBC)

[Bron: Mail & Guardian]

1.6.1 Waarom sal menslike aktiwiteite die hiasinte se groeispoed versnel?

(2)

1.6.2 Analiseer sommige van die maniere waarop mense damme en rivierstelsels beïnvloed.

(4)

IEB Copyright © 2024

1.6.3 Ondersoek TWEE maniere om die menslike impak op 'n rivierstelsel te verminder.

Eerste:

Tweede:

(4)
**[50]**

## VRAAG 2 MENSLIKE GEOGRAFIE

### 2.1 Terminologie in nedersettingsgeografie

Pas die beskrywing in Kolom B by die term in Kolom A. Skryf slegs die beskrywing se ooreenstemmende letter in die spasie hieronder.

| Kolom A | | Kolom B | |
|---|---|---|---|
| 2.1.1 | Beplanning van grondgebruik | A | Die liniêre vorm bestaan uit geboue langs die pad, rivier, dyk of kus. |
| 2.1.2 | Landelike-stedelike migrasie | B | 'n Groot stedelike gebied wat die stad en die omliggende voorstedelike gebiede insluit. |
| 2.1.3 | Dorpie | C | Bevolkingsgroei en migrasie van die stedelike na die voorstedelike gebiede. |
| 2.1.4 | Liniêre landelike nedersettings | D | Die beweging van mense vanaf die landelike na die stedelike gebiede. |
| | | E | 'n Besigheids- en kommersiële voorstedelike sentrum van aansienlike grootte wat op die rand van die stedelike gebied ontwikkel. |
| | | F | 'n Klein landelike nedersetting wat tipies uit huise en plaasgeboue bestaan. |
| | | G | Die proses om te bepaal waarvoor grond gebruik sal word. |

(4)


| 2.1.1 | 2.1.2 | 2.1.3 | 2.1.4 |
|---|---|---|---|
| | | | |

IEB Copyright © 2024

## 2.2 Stedelike struktuur en patrone

Bestudeer Figuur 6, 'n infografiek van die bevolking, gemiddelde jaarlikse inkomste en persentasie informele behuising in ses verskillende gebiede.

**Figuur 6**




[Bron: wazimaps & Kaart deur Eksaminator met die gebruik van QGIS]

2.2.1 Verduidelik *informele behuising.*

_____

_____

_____

(1)

2.2.2 Watter van hierdie gebiede het die …

hoogste jaarlikse inkomste?

_____

(1)

grootste bevolking?

_____

(1)

2.2.3 Assesseer die verband tussen die gemiddelde jaarlikse inkomste en die persentasie informele huise.

_____

_____

_____

_____

_____

_____

(4)

2.2.4 Bestudeer Figuur 6 op bladsy 15.

(a) Ondersoek bewyse wat sal bevestig dat Brits 'n apartheids-beplande dorp is.

_____

_____

_____

_____

_____

_____

(4)

IEB Copyright © 2024

(b) Brits, soos die meeste dorpe, ondervind ook migrasie van mense. Beskryf:

(i) EEN rede vir sentrifugale beweging.

(2)

(ii) EEN rede vir sentripetale beweging.

(2)

(c) Formuleer hoe georuimtelike analise gebruik kan word om stedelike bestuurstrategieë te gebruik om Brits te ontwikkel en te laat groei.

(6)

IEB Copyright © 2024 

## 2.3 Informele sektor

Bestudeer Foto 1 van 'n informele handelaar in die omgewing van Brits.

**Foto 1**




[Bron: Eksaminator se foto]

2.3.1 Kies die term(e) in **vetdruk** wat die stellings WAAR sal maak. Omkring die korrekte antwoord.

Die informele handelaar in Foto 1…

(a) verkoop meestal (**lae / middel / hoë**) orde goedere. (1)

(b) sal 'n (**klein / medium / groot** ) invloedsfeer hê. (1)

(c) het 'n (**klein / medium / groot**) bevolkingsdrempel. (1)

2.3.2 Lys TWEE uitdagings wat die handelaar op 'n daaglikse basis ervaar.

_____

_____

_____

(2)
**[30]**

IEB Copyright © 2024

## VRAAG 3 UITGEBREIDE SKRYFWERK


Lees Feitelêer 1 oor die ontginning van chroom in Suid-Afrika. Bestudeer ook Figuur 7, 'n grafiek wat die produksie van chroom tussen 2010 en 2021 wys, en Figuur 8, 'n kaart van die vernaamste areas waar chroom in Suid-Afrika ontgin word.

**FEITELÊER 1 – ONTGINNING VAN CHROOM IN SUID-AFRIKA**

- 72% van die wêreld se chroomertsneerslae word in Suid-Afrika gevind.
- In 2008 het Suid-Afrika slegs 39,7% tot die wêreld se chroomerts wat ontgin is bygedra en 11% tot die globale uitvoere bygedra.
- Uitvoere is laer as die produksie aangesien die land op veredeling van chroom fokus en hoofsaaklik veredelde chroomprodukte soos ferrochroom uitvoer.
- Meeste van die chroomerts wat ontgin word, word plaaslik verbruik. Met 90% van die produksie wat in 2008 plaaslik verbruik is, het dit Suid-Afrika derde op die wêreld se ranglys van chroomerts uitvoere geplaas.
- Die tweede grootste produsent van chroomerts was Indië gevolg deur Kazakstan.
- Zimbabwe, wat die tweede grootste chroomertsneerslae in die wêreld het, was in 2008 sesde op die wêreld se ranglys van lande wat chroom produseer.
- Chroom is een van min kommoditeite waar daar 'n toename in produksie in die laaste 15 jaar was. Die aanvraag na Suid-Afrika se chroom op die uitvoermark het toegeneem van 762 164 ton in 2008 tot 4 miljoen ton in 2018. Suid-Afrika se chroom het meer as ZAR21 miljard verdien in 2018.


[Bron: <www.dmr.gov.za/>]

**Figuur 7**




[Bron: Kamer van Mynwese]

**Figuur 8**




[Bron: Kaart deur Eksaminator met die gebruik van QGIS]

Maak gebruik van Feitelêer 1, Figure 7 en 8 en enige Figuur of hulpbron in Afdeling A om die vraag te beantwoord.

Die Departement van Mineraalhulpbronne en Energie het jou gevra om 'n verslag te skryf oor die ontginning van chroom naby Brits en dan ook in die hele Suid-Afrika. Jy moet die volgende aspekte in jou verslag ondersoek.

- Die vernaamste gebruike van chroom en kettingnywerhede.
- Die beperkinge wat die chroomontginningsektor ondervind.
- Hoe die ontginning van chroom Brits en Suid-Afrika tot voordeel strek.
- Hoe veredeling van chroom kan bydra tot die groei van Suid-Afrika se ekonomie.

***Nota: Jy kan die kennis wat jy opgedoen het in die bestudering van voorbeelde gebruik om jou te help. Gebruik die rubriek op bladsy 21 om jou te help met die beplanning en struktuur van jou verslag.***

IEB Copyright © 2024

| KRITERIA | PUNTE | BEHAAL |
|---|---|---|
| ***Skryfvaardighede***<br>• Neem struktuur en aanbieding in ag.<br>• Gebruik kort inleiding en slotsom.<br>• Logiese bespreking en gebruik van onderopskrifte. | **4** | |
| ***Inhoudskennis***<br>• Korrekte gebruik van geografiese terme en begrippe.<br>• Hou by onderwerp en onderopskrifte. | **12** | |
| ***Ondersteunende bewyse – ontleding en begrip***<br>• Die vermoë om die onderwerp te analiseer en evalueer word in hierdie kategorie geassesseer.<br>• Verwysing na gevallestudiemateriaal / feitelêer / bronmateriaal wat gegee is.<br>• Indien toepaslik moet verwys word na bekende / plaaslike of ander voorbeelde. | **4** | |
| | **20** | |

**[20]**

**100 punte**

IEB Copyright © 2024

IEB Copyright © 2024

IEB Copyright © 2024 

IEB Copyright © 2024

IEB Copyright © 2024 BLAAI ASSEBLIEF OM


## AFDELING B FISIESE GEOGRAFIE

## VRAAG 4 KLIMAAT EN WEER

### 4.1 Subtropiese antisiklone en verwante weerstoestande

Bestudeer Figuur 9, 'n uittreksel uit 'n tipiese winter sinoptiese kaart.

**Figuur 9**




[Bron: SAWS]

4.1.1 Verbind die letters in Figuur 9 met die weerkenmerke hieronder. Skryf slegs die ooreenstemmende letter in die spasie wat voorsien word.

| | | |
|---|---|---|
| (a) | Die stelsel skep toestande wat gunstig is vir die ontwikkeling van 'n inversie in 'n vallei. | |
| (b) | Die sikloon staan bekend as 'n Familie. | |
| (c) | Die stelsel is verantwoordelik vir die Kaapse Dokter. | |
| (d) | Bring swaar reën en sterk winde mee oor die Wes-Kaap. | |


(4)

IEB Copyright © 2024

4.1.2 Hieronder is 'n skets van die dwarsdeursnit van front **H**.

Kies die korrekte term in die blokkie hieronder om by die diagram te pas.

| | | |
|---|---|---|
| **Warm sektor** | **Cumulonimbuswolke** | **Koue lug** |
| **Warm lug** | **Koue front** | **Warm front** |



(3)

4.1.3 Bespreek die impak wat die Benguela- en Agulhasstroom op Suid-Afrika het.

(4)

4.1.4 Lys TWEE maniere waarop hierdie kaart verskillend sal lyk in die somer.


(2)

IEB Copyright © 2024

## 4.2 Tropiese Sikloon

Bestudeer Figuur 10, 'n uittreksel uit 'n sinoptiese kaart van tropiese sikloon Freddy wat in Madagaskar die land bereik.

**Figuur 10**




[Bron: MSN]

4.2.1 Lys TWEE moontlike toestande wat die inwoners van Madagaskar sal ondervind soos die storm die land bereik.

| | |
|---|---|
| Toestand 1 | |
| Toestand 2 | |

(2)

4.2.2 Lys TWEE van die ses voorwaardes vir die vorming van 'n tropiese sikloon.

| | |
|---|---|
| Voorwaarde 1 | |
| Voorwaarde 2 | |

(2)

IEB Copyright © 2024

4.2.3 Voorspel wat met die storm sal gebeur wanneer dit oor Madagaskar beweeg.

(4)

4.2.4 Bespreek TWEE voorsorgmaatreëls wat die inwoners van Madagaskar kan tref om die impak van die storm te verminder.

(4)
**[25]**


IEB Copyright © 2024

## VRAAG 5 FLUVIALE GEOGRAFIE

### 5.1 Fluviale prosesse

Bestudeer Foto 2 van 'n rivier in die Drakensberggebied.

**Foto 2**




[Bron: Eksaminator se foto]

5.1.1 Kies die term(e) in vetdruk wat die stellings WAAR sal maak. Omkring die korrekte antwoord.

(a) Volgens Foto 2 is die rivier in die (**benede-** / **middel-** / **bo-**) loop. (1)

(b) Kenmerk **L** staan bekend as 'n (**uitloper / waterval / levée**). (1)

(c) Die oewer wat **M** gemerk is, is 'n (**stootoewer / glyoewer / yazoo**). (1)


(d) Die hoofproses wat by **M** gebeur, is (**vervoer / erosie / afsetting**). (1)

IEB Copyright © 2024

## 5.2 Dreineerstelsels in Suid-Afrika

Bestudeer Figuur 11, wat 'n sekondêre dreineergebied in die boloop van die Thukelarvierstelsel wys.

**Figuur 11**




[Kaart: Deur die Eksaminator met die gebruik van QGIS]

5.2.1 Noem TWEE maniere waarop water in die rivierstelsel beland.

| | |
|---|---|
| 1 | |
| 2 | |

(2)

5.2.2 Dui aan of die Thukelarivier gegradeer of ongegradeer is. *Merk die korrekte antwoord.*

| | |
|---|---|
| gegradeer | |
| ongegradeer | |

(1)

5.2.3 Verduidelik jou antwoord op Vraag 5.2.2.

_____

_____

_____

(2)

5.2.4 Verduidelik die verskille in die rivier se kenmerke tussen die boloop en die benedeloop in terme van die volgende:

(a) Die volume water

(2)

(b) Die tipe kenmerke

(2)

(c) Die tipe erosie

(2)

(d) Die tipe en hoeveelheid vrag

(2)

(e) Die vorm van die kanaal

(2)

IEB Copyright © 2024

5.2.5 Verduidelik die verband tussen 'n *rivierstelsel* en sy *waterskeiding*.

(4)

5.2.6 Ondersoek hoe die verband genoem in Vraag 5.2.5 tot stroomroof kan lei.

(2)
**[25]**

**50 punte**

IEB Copyright © 2024

## AFDELING C LANDELIKE EN STEDELIKE NEDERSETTING EN EKONOMIESE GEOGRAFIE VAN SUID-AFRIKA

## VRAAG 6 NEDERSETTING

### 6.1 Landelike nedersetting

Bestudeer Foto 3 van 'n landelike nedersetting in die Wes-Kaap hieronder.

**Foto 3**



[Bron: Eksaminator se foto]

6.1.1 Kies die korrekte term uit Kolom B om by die term in Kolom A te pas. Merk die korrekte antwoord.

| Kolom A | | Kolom B | | |
|---|---|---|---|---|
| A | Klassifikasie van nedersetting | **Geïsoleerde plaasopstal** | **Dorpie** | **Stad** |
| B | Sektor van die ekonomie | **Primêre** | **Sekondêre** | **Tersiêre** |
| C | Vlak van aktiwiteit | **Bestaans** | **Kleinskaal** | **Ekstensief kommersieel** |
| D | Standplaas van nedersetting | **Droog / beperkte toegang** | **Vrugbare grond / gelyke grond** | **Droog / gelyk** |

(4)

IEB Copyright © 2024

6.1.2 Bespreek TWEE faktore wat mense sal dwing om van hierdie gebied na stedelike gebiede te beweeg.

**Faktor 1:**

**Faktor 2:**

(4)

6.1.3 Ondersoek TWEE faktore wat die volgende beïnvloed:

(a) die ligging van 'n nedersetting.

(4)

(b) die grootte van 'n nedersetting.

(4)

IEB Copyright © 2024 

## 6.2 Stedelike struktuur en patrone

6.2.1 Bestudeer Figure 12, 13 en 14 en gebruik die inligting om die tabel te voltooi.

| **Figuur 12** | | |
|---|---|---|
|  | **Straat-patroon** | Bepland onreëlmatig |
| | **Voordele** | |
| | **Nadele** | Verkeersopeenhoping gedurende beurtkrag |
| | **Heel moontlik geleë in die stad** | |
| **Figuur 13** | | |
|  | **Straat-patroon** | |
| | **Voordele** | Minder verkeer wat deurvloei |
| | **Nadele** | |
| | **Heel moontlik geleë in die stad** | Sentrale sakekern |

IEB Copyright © 2024

| **Figuur 14** | | |
|---|---|---|
|  | **Straat-patroon** | Onbepland onreëlmatig |
| | **Voordele** | |
| | **Nadele** | |
| | **Heel moontlik geleë in die stad** | Informele nedersetting |

(6)

6.2.2 Assesseer watter areas (Figure 12, 13 of 14) die hoogste grondwaarde sal hê.

(3)
**[25]**

## VRAAG 7 EKONOMIE VAN SUID-AFRIKA

### 7.1 Terminologie van ekonomiese geografie

Pas die woorde in die blokkie hieronder by die gegewe stellings. Skryf slegs die toepaslike woord(e) in die spasie voorsien.

| | | |
|---|---|---|
| **Ruimtelike ekonomie** | **NOS** | **Ekonomiese korridor** |
| **Ongebonde nywerheid** | **Diensteverskaffingsekonomie** | |
| **Vragverbreking** | **Agglomerasie** | |

7.1.1 Die studie van die verband tussen 'n ekonomiese aktiwiteit en geografiese ligging.

_____

(1)

7.1.2 Die konsentrasie van nywerhede en besighede in 'n spesifieke geografiese ligging.

_____

(1)

7.1.3 'n Geografiese streek wat geoormerk is vir ekonomiese ontwikkeling met verbeterde vervoer infrastruktuur, beleggingsaansporings en ander ondersteunende beleide.

_____

(1)

7.1.4 'n Ekonomie wat oorheers word deur industrieë in diensverskaffing soos finansies, gesondheid en onderrig.

_____

(1)

7.1.5 Te vinde in gebiede naby hawens, lughawens en vernaamste vervoerroetes wat 'n groot potensiaal het vir die ontwikkeling van nywerhede.

_____

(1)

IEB Copyright © 2024

## 7.2 Landbou

Bestudeer die tabel in Figuur 15 hieronder rakende die produksie van mielies in Suidelike Afrika sedert 2020.

**Figuur 15**

| **Die oppervlak wat beplant is en die finale beraamde produksie vir somergewasse.** | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Jaar** | **Kommersieel** | | **Nie-kommersieel** | |
| | **Oppervlak beplant (ha)** | **Beraamde produksie (Ton)** | **Oppervlak beplant (ha)** | **Beraamde produksie (Ton)** |
| **2022** | 2 623 000 | 15 387 200 | 378 800 | 667000 |
| **2021** | 2 755 400 | 16 234 265 | 362 900 | 636440 |
| **2020** | 2 610 800 | 15 300 000 | 297 460 | 543545 |

[Bron : dalrrd.gov.za/statistics]

7.2.1 Bepaal die hoeveelheid ton per hektaar (ha) geproduseer in 2021 vir:

(a) Kommersiële mielies

_____

(1)

(b) Niekommersiële mielies

_____

(1)

7.2.2 Bereken die verskil in produksie tussen 2021 en 2022 vir:

| | |
|---|---|
| (a) Kommersiële mielies | |
| **Berekening**<br><br>(1) | |
| (b) Niekommersiële mielies | |
| **Berekening**<br><br>(1) | |

7.2.3 Analiseer die verskil tussen die produksie van kommersiële en niekommersiële mielies.

(2)

7.2.4 Bespreek die belangrikheid van mielies vir voedselsekerheid in Suid-Afrika.


(4)

IEB Copyright © 2024

## 7.3 Sekondêre sektor

Bestudeer Figuur 16 wat die persentasie bydrae tot die BBP per provinsie van Suid-Afrika wys.

**Figuur 16**




[Bron: Statsa]

7.3.1 Bespreek EEN hindernis vir ekonomiese ontwikkeling in Gauteng.

(2)

7.3.2 Bespreek faktore wat die ontwikkeling van nywerhede in Gauteng bevorder.

(4)

7.3.3 Analiseer die rol wat die regering kan speel in die bevordering van ekonomiese ontwikkeling in Gauteng.

(4)
**[25]**

**50 punte**

**Totaal: 200 punte**

IEB Copyright © 2024

**BYKOMENDE SPASIE (ALLE VRAE)**

**ONTHOU OM DUIDELIK BY DIE VRAAG AAN TE DUI DAT JY DIE BYKOMENDE SPASIE GEBRUIK HET OM TE VERSEKER ALLE ANTWOORDE WORD NAGESIEN.**

IEB Copyright © 2024

IEB Copyright © 2024